LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

30-05-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 19 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

Basaar by Suikerbos Dienssentrum op 4 Junie 2016

Kairos Dagmark vind plaas op 23 Julie 2016 vanaf 08:00 - 17:00.

R150 per stalletjie. Kontak vir Liz Spoelstra by 0163417020 of 0834255987

Gretha Wiid
Plek: AGS Aquila in Nigel; Datum: Sondag, 5 Junie; Tyd: 16:00
Tema: Emosionele behoeftes en slaggate in die huwelik (slegs getroude pare)
Koste: R60 per paar; Navrae: 011 814 7919 (08:30 tot 13:00)

1 **EKSAMEN**:

- Al ons leerders is skoolpligtig tydens die eksamen. Leerders gaan eksamen skryf en daarna wissel. Daar word nog in die ander vakke assessering in die klasse gedoen.
- Niemand sal verskoon word van skoolgaan nie. Doktersafsprake moet na skool gereël word.
- Indien 'n kind afwesig is (met siekte) tydens die skryf van 'n vraestel, moet 'n doktersbrief ingehandig word, anders sal die leerder 0 % kry vir die betrokke vraestel.
- **Common Exam papers:**
  Graad 6 leerders word verplig deur die Departement om OOK algemene vraestelle te skryf in Engels (9 Junie), Wiskunde (13 Junie) en NW (15 Junie). Hierdie vraestelle tel vir die rapporte.

2 **WILDSFEES**:

Ons hou Saterdag, 4 Junie vanaf 17:00 tot laat Wildsfees. Ons gaan lekker saam kuier en dans rondom die vure. U kan nog kaartjies by Chrisna kry tot Dinsdagoggend, 31 Mei om 09:00.

3 **KOOR**:

- Daar is Junior kooroefening soos normaal op Maandag 13:15 - 14:00.
- Die Senior koorlede oefen eers weer op Woensdag, 22 Junie. ALLE KOORLEDE MOET VIR DIE VOLLE OEFENING TEENWOORDIG WEES.

4 **NETBAL**:

- Baie sterkte aan ons 0/10 netbalspan met hulle uitspele, Vrydag, 3 Junie te Risiville! Ons hou styf duime vas dat dit baie goed sal gaan!
- Baie dankie aan al die Mini-netbalspelers vir getroue oefening- en wedstryd bywoning. Julle is sterretjies! Baie dankie aan al die ouers wat Saterdae vir die wedstryde gery het, ons waardeer dit regtig baie!

5 **RUGBY**:

- Ons speel Donderdag, 2 Junie, weg teen Laerskool Fonteine te Sasolburg.
- Baie dankie aan al die Bulletjie rugby-spelers vir getroue oefening- en wedstryd bywoning. Julle is ysters! Baie dankie aan al die ouers wat Saterdae vir die wedstryde gery het, ons waardeer dit regtig baie!

6 **REVUE**:

Die revue gelde beloop R150 per leerder. Dit kan by die registeronderwysers inbetaal word. Ons revue vind in Oktober plaas.

7 **KULTUURAAND 2017:**

Kultuuraand 2017 vind plaas op Vrydag, 17 Februarie 2017. Ons gaskunstenaar is Adam Tas. Kaartjies is beskikbaar wees teen R300 per kop. U kan nou al u tafel bespreek by Chrisna 0760519176.

8 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**

Heidelberg Eisteddfod sluit Maandag, 31 Mei 2016. Geen laat inskrywings kan aanvaar word nie. Dit sluit in ALLE afdelings:
Drama, kuns, dans, gedigte, redenaars, sang, lees, model en instrumentaal. 'n Nuwe afdeling wat nou by gekom het is skryfkuns. Temas word by die Eisteddfod gegee. Leerders kry 45 minute per item (opstelle/stories/gedigte). Opstelle: Grondslagfase (Gr R-3 = 80-100 woorde; Gr 4-7 = 100-200 woorde. Hou asb kuns-inligting ook weer oop.
Kuns-tema: Aarde/Earth
Kuns word gedoen op A3 of groter, sonder "raam" of "mounting".
Enige medium kan gebruik word. Handig is by Juf Helanie in met jou naam, skool en graad agterop, die week wat die skool begin.

9 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:**

Daar is 'n fout gemaak op die briefies met die datums. Let asb daarop dat van die datums met een dag aanskuif, TYE BLY DIESELFDE.
Nuwe datums:

1 Junie	Afrikaanse gedigte	Gr R-2
2 Junie	Afrikaanse gedigte	Gr 3-4
3 Junie	Afrikaanse gedigte	Gr 5-6
6 Junie	Afrikaanse gedigte	Gr 7
7 Junie	Engelse gedigte	Gr R-3
8 Junie	Engelse gedigte	Gr 4-6
9	Engelse gedigte	Gr 7
10	Graad 1-3 redenaars	Gr 1-3
13	Graad 4-7 redenaars	Gr 4-7

10 **DRINGENDE BERIGGEWING: VOLKIE NUUSBULLETIN**

Indien u as ouers wil adverteer in die Volkie Nuusbulletin, is die kostes R200. Onthou asb om al die buitesport aktiwiteite te epos na chrisnameyer@laervolkskool.co.za en haar kontaknr is 0760519176.

11 **VOLKIE SNOEPIE SPYSKAART:**

Leerders moet asb 'n bestelvorm by die snoepie gaan haal, indien hulle belangstel.

WEEK 30 MEI -3 JUNIE 2016			**WEEK 6-10 JUNIE 2016**		
Maandag	Macaroni en maalvleis	R15	Maandag	Spaghetti Bolognaise	R15
Dinsdag	Sweetcornpap en hoender nuggets	R15	Dinsdag	Boerewors & aartappel wedges	R15
Woensdag	Boereworsrol	R15	Woensdag	Hoender burger	R15
Donderdag	Pampoentert en Hoendersosatie	R15	Donderdag	Sop en broodjies	R15
Vrydag	Pizza	R10	Vrydag	Pizza	R10

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF